TELEMATIESE SKOLE PROJEK

# 2023 VAKWERKBOEK
# Graad 10

# BESIGHEIDSTUDIES

'n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## UITSENDING SESSIES

**GRAAD 10** Besigheidstudies Telematiese aanbiedinge

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| 1 | Donderdag, 2 Feb 2023 | 15:00 – 16:00 | Mikro omgewing<br>Mark omgewing |
| 2 | Dinsdag, 9 Mei 2023 | 15:00 – 16:00 | Ondernemingsvorme |


## SESSIE 1: MIKRO- EN MARKOMGEWING

**Inleiding**

Alle besighede, hetsy groot of klein, het hul eie interne omgewing. Hierdie interne omgewing staan bekend as die **mikro-omgewing**. In hierdie onderwerp sal ons leer oor die verskillende komponente waaruit die mikro-omgewing bestaan.

Die mikro-omgewing van 'n besigheid staan ook bekend as die **interne bedryfstelsel**.

Alle besighede – hetsy groot of klein – word ook beïnvloed deur twee eksterne Omgewings. Dit is die markomgewing en die makro-omgewing



## Die betekenis van die mikro-omgewing

Die mikro-omgewing van 'n besigheid sluit alles binne die besigheid in. Al die **interne sake** van die besigheid word bestuur deur die direkteure of die eienaars van die besigheid. Die besigheid het volledige beheer oor sy mikro-omgewing.

Elke besigheid het sy eie unieke mikro-omgewing. Daar is egter sekere gemeenskaplike basiese komponente van 'n interne omgewing wat by die meeste ondernemings voorkom.

Die komponente van die mikro-omgewing sluit die volgende in:
- visie, missiestelling, doelwitte en doelstellings
- organisasiekultuur
- organisatoriese hulpbronne
- bestuur en leierskap
- organisasiestruktuur
- agt besigheidsfunksies

## Visie, missiestelling, doelwitte en doelstellings

Die **visie** van 'n onderneming beskryf die langtermyndoelwit, dit wil sê, waar die onderneming homself in die toekoms sien.
**Byvoorbeeld**: Olwethu Skoonheidsalon (OBS) wil wêreldwyd mededingend word.

Die **missiestelling** beskryf wat die onderneming verskaf of produseer, en hoekom die besigheid bestaan. Dit verduidelik die doelwitte en waardes van die besigheid.
**Byvoorbeeld:** Olwethu Skoonheidsalon (OBS) voorsien professionele dienste in haarkappery en verskaf ook skoonheidsprodukte

**Doelwitte** is die langtermynplanne wat die onderneming wil bereik. Dit dien as riglyne om besighede te help om te bereik wat hulle beoog om te doen.
**Byvoorbeeld:** Om nog vyf takke in die volgende vyf jaar te open.

**Doelstellings** beskryf hoe die doelwitte bereik sal word. Dit is die korttermyn stappe wat die sake-eienaar sal lei oor hoe die vooropgestelde doelwitte bereik kan word.
**Byvoorbeeld:** Om nog vyf takke in die volgende vyf jaar oop te maak, sal ons:
- die huidige werknemers se vaardighede opgradeer deur spesifieke en geteikende opleiding aan te bied
- verhoogde pogings aanwend om koolstofvrystellings te verminder
- spesifieke bemarkingsveldtogte opstel om groter markaandeel te verkry en ons winsgrense te verhoog.

### Organisasiekultuur

Organisasie**kultuur** verwys na hoe dinge in die besigheid gedoen word, bv. hoe die werknemers onderling kommunikeer, hul kleredrag en hul administrasiebeleid. Organisasiekultuur sluit ook die **waardes**, **oortuigings**, **norme en standaarde** watonder die werknemers en bestuur gedeel word.

**kultuur** verwys na die oortuigings, waardes, norme en ideologieë van 'n groep mense of 'n samelewing

**waardes** die sedes wat deur die werknemers in 'n organisasie gedeel word

**oortuigings** wat 'n besigheid voel is waar

**norme** reëls of verwagtinge wat deur 'n besigheid afgedwing word

**standaarde** iets wat gebruik word as 'n model om 'n bepaalde doelwit te bereik.

### Organisatoriese hulpbronne

Die hulpbronne van 'n besigheid word in VIER hoofgroepe geklassifiseer:

- menslike hulpbronne
- fisiese hulpbronne
- finansiële hulpbronne
- tegnologiese hulpbronne.

### Bestuur en leierskap

#### Bestuur

Die bestuur van 'n besigheid is die proses waardeur 'n individu of individue die organisasie lei en rigting gee om die doelwitte en doelstellings te bereik. Goeie bestuurders is in staat om al die hulpbronne in die besigheid behoorlik te beplan, te organiseer, te lei, en te beheer.

#### Leierskap

Leierskap is die vermoë van 'n individu om **ondergeskiktes** te inspireer, te beïnvloed of te motiveer om die doelwitte en doelstellings van die onderneming te bereik.

### Organisasiestruktuur

Die organisasiestruktuur is 'n aanduiding van die verskillende afdelings (departemente) in 'n besigheid en hoe die afdelings georganiseer is. Die organisasiestruktuur staan ook bekend as 'n organogram.
'n Organogram toon die vlak van gesag, verantwoordelikheid en take van die verskeie afdelings in die besigheid aan. 'n Organogram toon die hiërargiese struktuur van die besigheid aan.

Organisatoriese struktuur
https://m.youtube.com/watch?v=zWy65DdbadE

### Die agt besigheidsfunksies

Die agt besigheidsfunksies is belangrike komponente van 'n besigheid. In groot besighede kan hierdie funksies as aparte afdelings funksioneer, maar in kleiner besighede kan sommige van hierdie funksies gekombineer word. Sommige besighede het nie al die funksies nie – dit sal afhang van die aard en grootte van die besigheid.



## MARK OMGEWING

### Definieer die markomgewing

Die markomgewing verwys na die onmiddellike eksterne komponente van die besigheid wat die vermoë het om die bedryf direk te beïnvloed. Vir die besigheid om suksesvol te wees moet dit die komponente in hierdie omgewing kan beïnvloed.

### Die komponente van die markomgewing




**Verbruikers/kliënte** verwys na individue of ander besighede wat produkte en dienste van 'n besigheid aankoop.

**Verskaffers** is individue of ander besighede wat besighede verskaf/voorsien met die insette of hulpbronne wat hulle nodig het om hul produkte of dienste te produseer/ vervaardig.

**Die tussenganger** is die individue of besighede wat die produkte/dienste van 'n besigheid versprei en verkoop.

**Mededingers** verwys na besighede/organisasies wat min of meer dieselfde goedere/dienste verskaf of verkoop.

**Ander organisasies** wat deel vorm van die markomgewing sluit al die organisasies of instellings wat deur individue of lede van die gemeenskap gestig is, in. Hierdie organisasies mobiliseer hulpbronne om noodsaaklike goedere of dienste aan die gemeenskap te voorsien sonder betaling. Hierdie organisasies of instellings speel 'n sleutelrol in die gemeenskap, veral in gebiede waar die openbare sektor versuim het om hierdie goedere/dienste te verskaf.

**Gemeenskapsgebaseerde organisasies** (GBO's) word gestig om die gemeenskap met werkskepping, sosio-ekonomiese ontwikkeling, en selfversorging by te staan.

**Nie-regeringsorganisasies** (NRO's) is nie-winsgewende organisasies wat apart van die regering werk.

**Reguleerders** is die regeringsorganisasies wat reëls en regulasies maak om die aktiwiteite van besighede te beheer.

**Strategiese alliansies** is besighede wat hul hulpbronne kombineer om 'n projek te onderneem wat tot voordeel van almal sal wees. Hulle kan hul kundigheid en inligting deel om tot voordeel van al hul lede te wees.

**Vakbonde** is gevestigde organisasies wat die belange van werkers beskerm. Hulle het die reg om industriële aksies soos **stakings** of **sloerstakings** voor te stel wanneer hul eise nie deur organisasies of die regering nagekom word nie.

**A Nuwe woorde**

**staking** verwys na die situasie waarvolgens werkers weier om te werk totdat daar aan hul eise voldoen word

**sloerstaking** wanneer werkers werk toe gaan, maar doelbewus teen 'n stadiger pas werk

### Geleenthede en bedreigings van die eksterne omgewing

**Betekenis van geleenthede**

- Geleenthede is faktore in die eksterne omgewing wat sal bydra of het alreeds bygedra tot die sukses van dibesigheid.
- Besighede moet voortdurend geleenthede in hul eksterne omgewing soek om mededingend te bly.

**Betekenis van bedreigings**

- Bedreigings is enige faktore in die eksterne omgewing wat in die pad sal staan van besighede en hulle keer om hul doelwitte te bereik.
- Besighede het die uitdaging om voortdurend bedreigings in die eksterne omgewing te identifiseer en strategieë te bedink om dit in geleenthede te omskep ten einde suksesvol te wees.

**Voorbeelde van geleenthede**

Afname in **belasting**, sluiting van 'n mededinger se besigheid,

**Voorbeelde van bedreigings**

Nuwe besighede wat die mark betree, toename in rentekoers, tekort aan verskaffers,

## KONSOLIDASIE VRAE

**1.1** Noem enige VIER komponente van die mikro-omgewing. (4)

**1.2** Identifiseer die besigheidsfunksie van toepassing op ELK van die volgende stellings van Mzobe Handelaars:

**1.2.1** Mzobe Handelaars het 'n effektiewe werwingsmetode gebruik om die beste candidate te lok.

**1.2.2** Mnr Masina, die hoof uitvoerende beampte (HUB), het die visie en missiestelling van die besigheid by sy beplanning ingesluit.

**1.2.3** Hulle het hul produk aanlyn geadverteer om meer klante te lok. (6)

**1.3** Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SARAH SE BAKKERY (SB)**

Sarah se Bakery (SB) produseer varsgebakte pasteie. Sarah het vyf werknemers in diens om haar te help. Sy het 'n klein gebou gekoop waar sy al haar bakery en verpakkig doen. Sarah moes 'n lening by FastBank aangaan om die oprigtingskoste van haarbesigheid te dek. Sy maak gebruik van 'n aanlynstelsel om bestellings makliker te maak vir haar kliënte.

**1.3.1** Identifiseer DRIE organisatoriese hulpbronne wat deur SB gebruik word. Motiveer jou antwoord deur aan te haal uit die scenario hierbo. (6)

**2.1** Brei uit oor die betekenis van die markomgewing. (2)

**2.2** Lees die scenario hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**SIPHO SE TUINDIENSTE (STD)**

Sipho, die eienaar van Sipho se Tuindienste (STD), verskaf goedere en dienste aan kliënte in sy tuisdorp. Sipho koop tuinmateriaal van Jan Tuintoebehore (JTB) teen 'n billike prys. Zane het tuinmaakdienste teen baie laer pryse in dieselfde gebied as Sipho oopgemaak.

2.2.1 Identifiseer DRIE komponente van die markomgewing van toepassing op STD. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

**2.3** Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

**MAZZARS VERSKAFFERS (MV)**

Mazzars Verskaffers spesialiseer in die verskaffi ng van kragopwekkers in Orange Farm. Die gevolge van beurtkrag het daartoe gelei dat MV die behoefte aan kragopwekkers kon identifi seer. Mazzars Verskaffers het ook ontdek dat Kay Electronika ook kragopwekkers in Orange Farm verskaf. Hulle het die behoefte vir hul kragopwekkers in ander gebiede van Johannesburg geïdentifi seer. MV is geleë in 'n gebied met 'n hoë misdaadsyfer.

**2.2.1.** Noem die besigheidsomgewing waarin MV funksioneer. (2)

**2.2.2** Identifiseer geleenthede en bedreigings vir MV se besigheid uit die scenario hierbo. (8)

## SESSIE 2: ONDERNEMINGSVORME – INLEIDING

In hierdie onderwerp, kyk ons na die verskillende vorme van eienaarskap en leer oor die kenmerke, voordele en nadele van hierdie vorme van eienaarskap. In Graad 11 sal ons ook leer oor die verskillende ondernemingsvorme , insluitend die voordele en uitdagings van die stigting van 'n maatskappy teenoor ander vorme van eienaarskap. In Graad 12 kyk ons weer na ondernemingsvorme  maar die fokus sal wees oor hoe sekere faktore sal kan bydra tot die sukses en/of mislukking van elke ondernemingsvorm

### Betekenis van die term ondernemingsvorm

Ondernemingsvorme verwys na die regsposisie van die besigheid en die manier hoe dit besit word.'n Entrepreneurs kan besluit watter een van die **ondernemingsvorme** die beste by hulle tipe besigheid sal pas. Die vorme verskillende **ondernemingsvorm** word in die diagram hieronder getoon.




' n Eenmansaak is 'n besigheid wat deur een persoon besit en bestuur word. Die eienaar is verantwoordelik vir die aktiwiteite en besluite van die besigheid

'n Vennootskap is 'n reëling waar partye, bekend as sakevennote, ooreenkom om 'n besigheid te stig vir hul gemeenskaplike belang. Dit is 'n ooreenkoms tussen twee of meer mense wat arbeid, kapitaal en hulpbronne kombineer vir 'n gemeenskaplike doel

'n Privaat maatskappy is 'n maatskappy wie se aandele nie aan die publiek te koop aangebied mag word nie.

'n Publieke maatskappy is 'n maatskappy wat geregistreer is om effekte en aandele aan die algemene publiek aan te bied. Publieke maatskappye dryf handel in 'n ope mark, soos die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSB) ten einde kapitaal in te samel.

'n Persoonlike aanspreeklikheid maatskappy word hoofsaaklik deur verenigings soos prokureurs en rekenmeesters gebruik. Direkteure van die maatskappy, sowel as vorige direkteure, sal verantwoordelik wees vir die skuld van die maatskappy.

'n Koöperatiewe vereniging is 'n vrywillige vereniging wat gestig word met die doel om 'n diens aan sy lede te lewer. Dit is 'n vorm van besigheid waardeur mense met soortgelyke belange skakel vir die bevordering van gemeenskaplike doelwitte. '

In 'n maatskappy in staatsbesit is die regering die hoof-aandeelhouer, en dit val onder die Departement van Openbare Ondernemings. Hierdie maatskappye verrig spesifieke funksies en funksioneer in ooreenstemming met 'n bepaalde wet

'n Nie-winsgewende maatskappy is 'n regsentiteit wat georganiseer en bedryf word vir 'n kollektiewe, publieke of maatskaplike voordeel. Dit sluit in kerke, liefdadigheidsorganisasies en kulturele organisasies. Die primêre doel van 'n NWM is om die publiek te bevoordeel, nie om 'n wins te maak nie.

**Het jy geweet**

Staatsbeheerde maatskappye (SBM) speel 'n belangrike rol in Suid-Afrika. Regeringsbeleid maak staat op staatsbeheerde ondernemings om die ekonomie te ondersteun.

**Het jy geweet**

'n Eenmansaak is die oudste en mees algemeen gebruikte ondernemingsvorm. In eenmansaak, word al die beleggings deur een persoon gemaak.

**Het jy geweet**

Dit is nie nodig vir 'n privaat maatskappy om 'n prospektus uit te reik nie, want die publiek word nie genooi om in aandele in die maatskappy te belê nie

## ONDERNEMINGSVORME – OPSOMMING VAN KENMERKE

| ONDER-NEMINGS-VORM | NAAM VAN BESIGHEID | VORMINGS-PROSEDURE | AANTAL LEDE | KONTINUÏTEIT | PERSOONLIKE AANSPREEK-LIKHEID | WINS VERDELING |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eenmansaak | Geen | Maklik en goedkoop | Een | Gebrek aan kontinuïteit in die geval van dood of siekte. | Geen regspersoonlikheid | Alles aan die eienaar |
| Vennootskap | Geen | Vennootskap-ooreenkoms is benodig | Minimum twee | Ontbind by dood van een van die vennote | Geen regspersoonlikheid | Winste onder vennote soos per die ooreenkoms |
| Beslote korporasie | Eindig met die letters BK | Stigtingsverklaring geregistreer by registrateur CK1 | Een tot tien lede | Onbeperkte kontinuiteit | Afsonderlike regspersoonlikheid | Gedeel deur lede |
| Privaat maatskappy | Eindig met die letters (EDMS) BPK | Akte van Inlywing by Registrateur | Minimum een | Onbeperkte kontinuïteit | Afsonderlike regspersoonlikheid | Winste word gedeel in die vorm van dividende |
| Publieke maatskappy | Eindig met die letters BP | Akte van Inlywing by Registrateur | Minimum een | Onbeperkte kontinuïteit | Afsonderlike regspersoonlikheid | Winste word gedeel in die vorm van dividende |
| Staatsbeheerde maatskappy | Eindig met die letters SBM | Akte van Inlywing by Registrateur | Een of meer aandeelhouers | Onbeperkte kontinuïteit | Afsonderlike regspersoonlikheid | Geen wins-verdeling |
| Nie winsgewende maatskappy | Eindig met NWM | Akte van Inlywing by Registrateur | Een of meer aandeelhouers | Onbeperkte kontinuïteit | Afsonderlike regspersoonlikheid | Alle winste word gebruik vir die doel van die NWM |
| Persoonlike Aanspreeklikheids -maatskappy | Eindig met GEÏNK | Akte van Inlywing by Registrateur | Een of meer aandeelhouers | Onbeperkte kontinuïteit | Geen regspersoonlikheid | Winste word gedeel in die vorm van dividende |
| Koöperasie | Eindig met Koöperasie Bpk. | Registreer by die Registrateur van Koöperasies | Minimum vyf lede | Onbeperkte kontinuïteit | Afsonderlike regspersoonlikheid | Winste word gelyk verdeel tussen lede |

# ONDERNEMINGSVORME

## Faktore wat oorweeg moet word by die keuse van 'n ondernemingsvorm

- die aanvangskoste en die toekomstige kapitaal
- die grootte en aard van die besigheid
- belastingimplikasies
- bestuurstruktuur – hoe die besigheid beheer en bestuur sal word
- die risiko daaraan verbonde
- hoe kapitaal bygedra sal word
- hoe winste en verliese gedeel sal word
- aanspreeklikheid – wie is verantwoordelik vir enige skuld wat deur die besigheid gemaak word
- kontinuïteit – die leeftyd van die besigheid
- die kwesbaarheid van die besigheid in terme van regsgedinge/regspersone

**A Nuwe woorde**

**kapitaal** rykdom in die vorm van geld of ander bates wat deur 'n persoon of organisasie besit word wat beskikbaar is vir 'n doel soos om 'n maatskappy te begin of daarin te belê.

**skuld** 'n som geld wat verskuldig is

**aanspreeklikheid** om regtens verantwoordelik te wees vir iets

**kwesbaarheid** die moontlikheid om ekonomies blootgestel te wees

**kontinuïteit** die bestaan of funksionering van 'n besigheid oor 'n tydperk

## Die verskille tussen 'n eenmansaak en 'n vennootskap

| EENMANSAAK | VENNOOTSKAP |
|---|---|
| 'n Eenmansaak is 'n individu wat 'n besigheid in sy geheel besit. | 'n Vennootskap bestaan uit twee of meer mense wat van voorneme is om wins te maak. |
| Besluite kan vinnig geneem word aangesien dit deur een persoon geneem word. | Daar kan 'n vertraging in besluitneming wees aangesien die insette van alle vennote nodig is. |
| Die wins gaan na die eienaar. | Wins word tussen die vennote gedeel volgens die vennootskapsooreenkoms. |

**Wenk**

Die verskille/onderskeidings hoef nie verband te hou nie, maar dit moet duidelik wees.

## Die verskille tussen 'n maatskappye met en -sonder winsoogmerk

| Maatskappye met winsoogmerk | Maatskappye sonder winsoogmerk |
|---|---|
| • Hierdie maatskappy word gestig met die doel om 'n wins te maak.<br>• 'n Maatskappy geïnkorporeer vir finansiële wins vir die aandeelhouers.<br>• Wins-organisasies is verantwoordelik vir belasting op grond van hul winste. | • Hierdie maatskappy word vir liefdadigheids-doeleindes gestig of om maatskaplike en kulturele aktiwiteite te bevorder.<br>• 'n nie-wins maatskappy is 'n vereniging wat nie vir wins ingelyf is nie.<br>• Nie-wins organisasies is nie verplig om belasting op netto inkomste te betaal nie. |

## Die verskille tussen 'n privaat maatskappy en 'n publieke maatskappy

| PRIVAAT MAATSKAPPY | PUBLIEKE MAATSKAPPY |
|---|---|
| • Mag nie aandele aan die algemene publiek aanbied nie. | • Verhandel aandele aan die publiek op die Johannesburg Sekuriteitebeurs (JSB/ JSE). |
| • Aandele is nie vrylik oordraagbaar nie. | • Aandele is vrylik oordraagbaar. |
| • Minimum een direkteur. | • Minimum drie direkteure. |
| • Naam eindig met Eiendom Beperk (Edms.) Bpk. | • Naam eindig met Beperk/Bpk. |
| • Finansiële jaarstate hoef nie geouditeer en gepubliseer te word nie. | • Finansiële jaarstate moet geouditeer en gepubliseer word. |
| • Dit is nie nodig om 'n prospektus te publiseer nie aangesien dit nie aandele aan die publiek kan verhandel nie. | • Moet 'n prospektus by die Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie (CIPC) registreer. |
| • Daar word nie van die maatskappy vereis om die minimum inskrywing te verkry of minimum aandele uit te reik nie. | • Moet 'n minimum subskripsie verkry voor die aanvang van die maatskappy. |

**Wenk**

Wanneer gevra word om verskille te lys, hoef die antwoord nie in tabelformaat te wees nie, maar die verskille moet duidelik wees.

## Voordele en Nadele van 'n Nie-winsgwende maatskappy [NWM]

- Winste word uitsluitlik vir die primêre doelwit van die organisasie aangewend.
- Die maatskappy betaal nie belasting nie, dus kan alle opbrengste en verdienste teruggeplaas word in die organisasie om dit te verbeter.
- Skenkings gemaak deur skenkers is belastingaftrekbaar, daarom motiveer dit mense om aan die organisasie te skenk.
- Werknemers van nie-winsgewende organisasies is nie persoonlik aanspreeklik vir die skuld van die nie-winsgewende maatskappy nie.
- Die aanspreeklikheid van die lede is beperk.
- 'n NWM se bestaan kan lank duur nadat die stigters die besigheid verlaat het.
- Kan toelaes of hulp van die regering ontvang.

- Benodig professionele hulp om hierdie organisasie te stig.
- Genereer nie genoeg kapitaal om hul uitgawes te dek nie.
- Skenkings is dalk nie altyd genoeg om die maatskappy se uitgawes te finansier nie.
- Bates word nie aan die lede uitgedeel by likwidasie nie.
- Die skep van 'n NWM neem tyd, inspanning en geld.
- Die verkryging van toelaes kan 'n stadige en vermoeiende proses wees.
- Inkorporeerders kan nie die bates wat deur die NWM opgehoop is saam neem as hulle besluit om die NWM te verlaat nie.
- Hulle word nie toegelaat om bonusse aan lede te betaal nie.
- Hulle is verplig om finansiële jaarstate

## KONSOLIDASIE VRAE

**Eenmansaak vs. Vennootskap**

**1.1** Brei uit oor die kenmerke van 'n eenmansaak. (6)

**1.2** Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MERCY KLEREMAKER (MK)**

Mercy Kleremaker spesialiseer in die nuutste style vir dames. Mercy is die eienaar van die besigheid. Matome, die eienaar van 'n mansklerewinkel het Mercy versoek om 'n gesamentlike sakeonderneming te vorm wat M & M Boetiek genoem sal word.

**1.2.1** Identifiseer TWEE ondernemingsvorme wat in die scenario hierbo genoem word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (6)

**1.3** Verduidelik die verskille tussen die TWEE ondernemingsvorme wat in VRAAG 1.2.1 geïdentifiseer is. (8)

**[20]**

**VRAAG 1**

**1.1** Definieer die betekenis van 'n vennootskap. (4)

**1.2 Brei uit oor die** kenmerke van 'n publieke maatskappy (6)

**1.3** Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Manda en Sabian het hul Baccalaureus in Ondernemingsbestuur voltooi. Hulle wil 'n besigheid registreer wat die direkteure aanspreeklik sal maak vir die skuld van die besigheid.

**1.3.1** Identifiseer die ondernemingsvorm. (2)

**1.3.2** Noem die dokument wat Manda en Sabian in staat sal stel om die ondernemingsvorm te registreer wat in VRAAG 1.3.1 geïdentifiseer is (2)

**1.3.3** Bespreek die kenmerke van die ondernemingsvorm wat in VRAAG 1.3.1 genoem word. (6)

1.4 Verduidelik die kenmerke van 'n staatsbeheerde maatskappy. (6)

## KONSOLIDASIE VRAE

### VRAAG 2

**2.1** Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**THUBELIHLE KINDERSORG (TK)**

Thubelihle Kindersorg is in Germiston geleë. TK is 'n maatskappy wat daarop gemik is om 'n diens te lewer wat die gemeenskap sal bevoordeel, en nie om 'n wins te maak nie.

**2.1.1** Identifiseer die vorm van eienaarskap wat deur TK verteenwoordig word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

**2.1.2** Verduidelik die voordele en nadele van die ondernemingsvorm geïdentifiseer in VRAAG 2.1.1 (6)

### VRAAG 3

**3.1** Opstelvraag oor ondernemingsvorme.

'n Entrepreneur moet verskeie faktore oorweeg om die beste ondernemingsvorm te bepaal. Die bedryf van 'n privaat maatskappy is minder streng as dié van 'n publieke maatskappy. 'n Vennootskap is 'n reëling waartoe partye ooreenkom om 'n besigheid vir hul gemeenskaplike belang te vorm. Die primêre doel van 'n NWM is om die publiek te bevoordeel en nie om 'n wins te maak nie.

As 'n kenner in die verskillende ondernemingsvorme, skryf 'n opstel wat insluit die volgende aspekte:

- Beskryf kortliks faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n ondernemingsvorm gekies word.
- Onderskei tussen 'n privaat maatskappy en 'n publieke maatskappy.
- Verduidelik die kenmerke van 'n vennootskap.
- Adviseer hulle oor die voordele van die nie-winsgewende maatskappy. (40)

**Wenk**

- Gee TWEE feite vir die inleiding en EEN feit vir die gevolgtrekking.
- Die feite kan óf wees slegs gebaseer op een of twee van die vier subvrae as 'n inleiding.
- Die woorde "Inleiding" en "Gevolgtrekking" moet met inhoud geskryf word onder elke opskrif om te vermy dat punte vir die uitleg verloor word.
- Wanneer die aantal feite in die vraag gespesifiseer word, sal slegs daardie antwoorde oor die faktore wat oorweeg moet word by die keuse van die vorm van eienaarskap nagesien word.
- Skryf al vier opskrifte volgens die opstelvraag.
- Poog om opstel-tipe vrae te beantwoord omdat punte vir INSIG toegeken word.
- Die gevolgtrekking moet relevant wees tot die opstelvraag en antwoorde moet nie dieselfde as die liggaam of inleiding wees nie.

**Erkenning van bron:**

2022 DBO Gr 10 Besigheidstudies Leerderboek